COMPRESS—SMALL PDF

Hulp en Hoop

NOVEMBER 2024

Kwartaal 4

LERAAR
Ds Jacques Erasmus
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

KERKKANTOOR
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

Sentrumbestuurder:
SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS
Jaco Koekemoer
082 688 5971

WEBBLAD
www.nghulpenhoop.co.za

FACEBOOK
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

GEDENKTUIN NAVRAE
Besoek die kerkkantoor

In die uitgawe

SENDING 2
DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES 2
ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS 2
BELYDENISAFLEGGING 3
HERVORMINGSONDAG 3
GEMEENTEFOTO'S 4 / 5

VANDAG IS DAAR VIR JULLE IN DIE STAD VAN DAWID AS VERLOSSER GEBORE, CHRISTUS DIE HERE

Goeiedag vriende

Dit is altyd vir my lekker om aan die einde van die jaar die Kersboodskap te rig aan die gemeente, want dit gee geleentheid om te reflekteer oor wat alles gebeur het en dit waarna ons uitsien en wat ons beplan.

Die jaar het 'n paar stappe terug gegee en ook paar vorentoe. Ons as gemeente het probeer om hulp, of 'n tweede leraar te kry sodat ons meer effektief al die bedieninge kan laat plaasvind, maar ongelukkig het alles nie verloop volgens wense nie.

Ons is wel dankbaar dat ons vir Proponent Ignatius Rademeyer kon bystaan in sy proses om sy bevoegdheid weer te bekom en as 'n bedienaar van God se Woord te gaan waar God hom roep. Ons bid ook die Here se seën op hom en sy gesin toe.

Die jaar het daar wel wonderlike dinge gebeur. Daar was wel die hartseer met Juanita Olivier wat verhuis het en 'n groot leemte gelaat het by die kinderkerk en kategese, maar daar was ook 'n aanwins toe Sarie Fourie aangesluit het by die jongmense.

Ons Gemeente leef ook in die wêreld waar ons betrokke is by verskeie uitreikprojekte, nl. Die Dienssentrum vir Bejaardes en die Ouetehuis in Mokopane, Die twee Huise by Abraham Kriel Kinderhuis (Huis Boekenhout en Huis Bauhinia), Sendelinge waar ons betrokke is met die Wêreld Visiefonds. Ons Gemeente is ook betrokke by die Leeuwkuil Skuiling huis naby Polokwane waar ons deur die jaar kruideniers, klere ens voorsien het. Ons is ook bevoorreg om te kan sê dat ons ook weer die jaar 'n Kersete vir 60 mense by die skuiling kon voorsien. Dan praat ons nie eers van die hoeveelheid mense wat by die kerk se deur kom aanklop vir kos, pastoraat ens. nie.

2025 lê met groot opwinding voor, waar ons 'n nuwe wending in ons Jeug en Gesinne bediening wil aanpak, iets wat ons na aan die hart lê, maar ook êrens daarvan moet maak.

Dit wil voorkom of daar 'n groot tekort aan Leraars is. Ons as Kerkraad is besig om paar planne in plek te probeer kry om die leemte van 'n 2de leraar of hulp aan te vul.

Die Kerkraad het besluit om my Leraars verantwoordelikhede te herverdeel, te skuif en in te deel sodat die gemeente optimaal kan funksioneer. Daar is tans Drie Dames wat 'n Pastorale kantoor by die kerk begin het (meer inligting is beskikbaar by die kerkkantoor), tweede is toe besluit dat die gemeente versorging gaan terugval op die kerkraad en dat my, as Leraar, se verantwoordelik gaan fokus op die geloofsvorm van ons gemeente. My verantwoordelikheid gaan wees eerste die dagstukkies wat ek in die oggende uitstuur, tweede die Bybelstudie Woensdae oggend en Woensdagaand en ook om te fokus op geloofsvorming by jeug en gesinne.

Ons is tans besig met beplanning rondom Bedieningsaande, saam met die ander kerke in die dorp, wat Sondagaande by die Hoërskool aangebied gaan word vir Graad 7 tot Graad 12's. Die fokus gaan wees om jongmense te help om dissipels van Jesus te wees, Bybelse waardes te leer, en uit 'n geloofs oogpunt te help "cope" met die lewe. Die Kategese ontwikkeling Graad 1-6 gaan ons 'n nuwe kategese reeks aanbied waar die kinders Sondae direk na kerk in die kerk bymekaar kom, 'n les sal daar aangebied word, waarna hul na hul klasse sal beweeg. Ons gaan ook in die afkondiging probeer om huisgodsdiens riglyne daar te stel. Die kinderkerk gaan voort in Jeughuis. Ons wil graag ook ons Peuter-/ Kleuterbediening ontwikkel en uitbrei.

Ons is tans besig om ondersoeke te doen om Sprekers in te kry om ouers te begelei met die grootmaak van hulle kinders en om God en God-taal tuis te bring by hulle kinders. Ons gaan ook probeer om sprekers in te bring vir Huweliksgespreke ens. Ons is ook opgewonde om te kan noem dat ons 'n gemeente kamp beplan in die eerste helfde van die jaar. Ons weet ook dat die Here vir ons sê "Doen dit alles Biddend" en daarom is dit belangrik dat ons gaan fokus op gebed en gebed ontwikkeling en dan moet ons ook aanhou bid vir ons musiek bediening en dat mense betrokke sal raak.

Ek wil graag afsluit met die mooiste boodskap van Kersfees… Jesus se koms na die wêreld, soos dit geskrywe staan in Lukas 2:11*"Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here. 12 Dit sal vir julle die teken wees: Julle sal 'n pasgebore kind vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." 13Skielik was daar saam met die engel 'n hemelse menigte wat God loof: 14"Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde vir die mense in wie God 'n welbehae het! "*

Vriende mag dit ons almal se begeerte wees, om seker te maak dat die wêreld, oral waar ons gaan, sal weet daar is net een antwoord, en alles wat ons doen, is om mense te help om Jesus te ontdek en bydra tot die vrede wat vir die mense daar is wat in God 'n welbehae het.

Geseënde Kersfeestyd

Groete Ds. JACQUES

"Bethlehem"

As Bethlehem net nader was
dalk iewers in die land…
dan sou ons vir die Kindjie as geskenke vat
offers uit ons seerkryland, want,
nêrens anders ruik die reën so soet nie…
kom lê die herfs as roes nie…
En as die son ons oor die blou see groet,
dan breek die sonneblom sy goudpot oop
en laat my land sy goud as offer
tot by die Lam se voetjies loop.
Dan kniel ons hier in Afrika
soos herders lank terug
by doringvure wat die nag verlig.
En vir die Kindjie in die krip
word daar pasellas uitgehaal:
'n heuningkoek, laventelbos,
'n sonneblom, 'n velkaros…
Die wyses onder ons
sou vir die Kind 'n kaartjie los,
'n dankie vir ons reënboogland,
vir roesrooi Kalahari-sand,
pers vygies teen 'n duin se kant,
en God se Kerskind vlam wat brand
in elke hart in hierdie land.

deur Rien Joubert

Sending

As ons van "sendelinge" praat; praat ons van mense wat uitgestuur word om die evangelie te verkondig aan die nasies.

Alhoewel party mense gestuur word om sending in ander lande en kultuurgroepe te doen, is dit ons taak om die ook om die evangelie te versprei…

Ons almal staan in die amp van gelowiges. Die Here wil jou gebruik! Al is dit net om teenoor jou man, vrou, kinders of bure te getuig. Dan is jy reeds 'n sendeling …

Die groot opdrag sluit ook in om deur gebeds- en finansiële ondersteuning van organisasies wat sendingwerk onder ander nasies doen, te ondersteun.

Ons Gemeente is betrokke by sowat 8 sendeling wat reg oor die wêreld in verskillende lande werk. Du Toit Malan wat oud lidmaat van die Gemeente is het 'n Wêreld Visiefonds gestig waaruit twee keer per jaar finansiele uitbetalings gedoen word aan die sendelinge.

Agv ekonomiese druk is die fonds besig om te kwyn. Indien jy kan help met finansiele ondersteuning kan jy gerus met Emile Forssman skakel, wat ons Gemeente se skakel persoon is met die sendelinge

'n Goeie definisie van sending is … "die hele kerk wat die hele evangelie na die hele wêreld neem"

DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

Die Dienssentrum is nog 'n aksie waarby ons Gemeente betrokke is.

Die Potgietersrus Dienssentrum vir Bejaardes, is 'n organisasie sonder winsbejag wat reeds 37 jaar aan die bejaardes elke dag 'n bord kos voorsien.

Die dienssentrum lewer daagliks dienste soos gebalanseerde etes, aflewering van etes aan verswakte bejaardes en kliniekdienste.

Daar is selfs 'n haarsalon, naelsalon, trimgim, koorsang, naaldwerk, die biblioteek, vervoerdienste, uitstappies en toere, speletjies asook sosiale geleenthede waar seniors bymekaarkom.

Dienste word gelewer aan 345 bejaardes waarvan 134 lede se enigste inkomste 'n staatspensioen (SASSA) is.

Die Potgietersrus Dienssentrum vir Bejaardes is 'n geregistreerde publieke liefdadigheidsorganisasie vir die ontvangs van donasies van geld en goedere.

AKKN in 'n neutedop

Die Abraham Kriel Kinderhuis is 'n organisasie sonder winsoogmerk met 15 huise waar kinders en jongmense wat nie saam met hul eie gesinne kan woon nie, met professionele personeel gehuisves word om na hulle om te sien. Kinders word in opdrag van die kinderhof na die kinderhuis verwys. Benewens die verskaffing van kos, skuiling en ruimte vir speel en ontspanning in 'n sorgsame omgewing, skep ons 'n tuisomgewing vir kinders om te groei en te ontwikkel.

Kinders word gerespekteer as individue, daar word voorsien in hul godsdienstige en kulturele behoeftes, en word aangemoedig om hul gevoel van persoonlike identiteit en gemeenskap te behou.

Ons wil al die Eer aan ons Hemelse Vader gee dat dit goed gaan by die Kinderhuis onder omstadighede! As gevolg van al die donateurs en Skenkings van die Kerke en gemeenskap, word meer as 180 kinders elke dag gevoed. God werk in mense se harte, wat omsien en sorg vir hierdie kinders wat uit baie moeilike omstadighede daar beland.

Die Abraham Kriel Kinderhuis is deel van die Versorgingsaksie van NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk. Ons Gemeente is reeds baie jare betrokke by die kinderhuis en tree op as vooggemeente van huise nl Boekenhout en Bauhinia.

Huis Boekenhout is 'n seunshuis met tans 11 seuns tussen die ouderdom van 8 en 17 jaar oud. Kobus en Annemarie is die huisouers en ook reeds 'n paar jaar betrokke by die huis.

Die Gemeente het 'n paar jaar gelede die besluit geneem om betrokke te raak by nog 'n huis naamlik Huis Bauhinia.

Daar is tans 10 dogters tussen die ouderdom van 8 en 14 jaar. Die huisouer pos is tans vakant maar daar is 'n goeie toesighouer wat 'n ogie hou oor die dogters.

Die twee huise se kinders het ons gemeente basaar bygewoon en ons het op 17 November die jaarafsluitings partytjie gehou by die gholfklub, die kinders het gespeel op die springkastele en het pizza, koeldrank en lekkernye gekry. Wat die dag nog meer besonders gemaak het is dat elkeen ook 'n Kersgeskenk ontvang het, volgens sy behoefte.

Gedurende Desembermaande word baie van die kinders uitgeplaas na hulle ouerhuise.
Daar is wel 'n kinders wat agterbly by die kinderhuis en dan word hulle bederf deur 'n weldoener wat sowat 60 kinders en 15 volw see toe vat.

Lede uit die publiek help ook gedurende die Kerstyd om 'n besonderse kerstyd vir die kinders te maak.

Hoe kan jy betrokke raak?
Ons het twee dames in die Gemeente wat as skakel persone optree tussen die twee huise nl.
Sonia Pieterse 071 077 0986 en
Yolande Coetzee 082 885 8867
Skakel gerus een van die dames rondom navrae ens.

Die dienssentrum streef daarna om persone van 60 jaar en ouer so aktief moontlik, vir so lank as moontlik, deel van die gemeenskap te hou en kwaliteitdienste teen bekostigbare pryse aan hul te lewer.

"Die Kierieklapper Kunstefees is ons grootste fondsinsamelingsprojek.

Kwaliteit dienste word gelewer te midde van stygende pryse van brandstof, vleis en ander produkte hierdie dienste bemoeilik.

Ledegeld by die dienssentrum wissel van R120 per jaar vir SASSA lede, maar word bereken volgens inkomste.

Dis nie 'n groot bedrag nie. Maar daar is van ons lede wat nie daardie bedrag kan bekostig nie.

Om net te noem …. Dit kos die dienssentrum tussen +-R56 en R65 per bord kos. SASSA lede betaal R15 per bord en nie SASSA lede betaal R23 Lede kan ook teen 'n addisionele bedrag van R10 per bord die kos te laat aflewer.

Res van die bedrag word dus gesubsidieer deur donasies ontvang.

Die dienssentrumbestuur is dankbaar vir donateurs wat na vore kom om die instansie te ondersteun.

Daar is deurlopend behoefte aan groente, vleis, vrugte, eiers, koekmeel, mieliemeel en nie-bederfbare kosse. Indien jy weet van boere wat groente geplant het wat nie markgehalte is nie en steeds bruikbaar is vir menslike gebruik, kontak die Potgietersrus Dienssentrum vir Bejaardes by 015 491 5747.

Raak gerus betrokke by die sentrum. Of jy 'n donateur is, Deel van die bestuur is of self net vrywillige diens doen.

Bank besonderhede :
ABSA
Potgieterus Dienssentrum vir Bejaardes
103 928 0465

Die sentrum sluit gedurende die Feesgety (20 Desember en open weer op 6 Januarie 2025)

ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS

Die Kinderhuis het 'n hoofkombuis van waar die volgende etes aan elke huis verskaf word:

Ontbyt
– mieliepap en Oats
Middagete
–gewoonlik gebalanseerde ete soos vleis, groente, pasta, rys
Aandete
– brood (kry 1 houer Peanutbutter en 5L Stroop per maand)

Aanmaak koeldrank en souse (Tamatiesous, Chutney, Mayonaise, Mostert) word slegs uitgedeel as daar 'n donasie was aan die kinderhuis kombuis

Ons gemeente maak ook vanuit die gemeenskap donasies bymekaar om addisionele (kruideniers, klere en speelgoed ens) na ons twee huise te allokeer.

Daar is 'n deurlopende behoefte aan :
Kontant bydraes (wat by die Kerkkantoor inbetaal kan word)

Of donasies van :
- Toebroodjie-smere (Konfyt, Kaassmeer, Bovril, ens)
- 2 Minute Noodles
- Tuna, blikkies vis of bullybeef
- Souse (Tamatiesous, Mayonaise, Chutney)
- Springmielies, chips en lekkergoed
- Tandepaste
- Badseep
- 2 in 1 Shampoo
- Wasgoedseep en stasoft (Elke huis kry net beperkte hoeveelheid – Die huismoeder moet self die kinders se skoolklere en onderklere was, die ander klere word by die kinderhuis se wassery gewas)

NG HULP EN HOOP

3 November 2024

Belydenisaflegging

Daar is oomblikke in ons lewe wat so spesiaal is dat ons moeite wil doen om dit te onthou en te vier.

Een van daardie oomblikke is wanneer ons besef dat God ons oneindig lief het en ons dan kies om daardie liefde te aanvaar en 'n navolger van Christus te word.

Belydenis van geloof is 'n teken wat ons help om daardie baie spesiale oomblik te merk, te onthou en te vier – 'n roetemerker op ons geloofspad. Ons plaas roetemerkers op 'n pad wanneer iets belangrik daar gebeur of wanneer ons nie 'n plek wil vergeet nie.

Om belydenis van geloof af te lê, is 'n geleentheid vir ons om tussen ander gelowiges wat vir ons omgee te antwoord op ons doop.

Die doop is 'n teken daarvan dat God ons gekies het – selfs voor ons dit kon verstaan. God het belowe dat God vir die res van ons lewens by ons sal wees, vir ons sal lief wees en ons vergewe – maak nie saak wat ons doen of wat gebeur nie. Wanneer ons dan ons geloof bely, sê ons daarmee dat ons daardie liefde en sorg van God aanvaar.

Ons kies gevolglik:

- om ons lewens te leef met die wete dat God by ons is, en
- om God se leiding in ons lewens te volg.

EK GLO

TEKS : I Korintiërs 3 : 1-9

TEMA : Groei verder in jou geloof!

Leef die storie van die Bybel om meer soos Jesus te word!

Poster Maker

Jong mense wat Belydenis van Afgelê het

Arlise Blignaut
Ashley Engelbrecht
Isabel Blumegger
Jhemma Forssman
Marlé Botha
Miąke Joubert
Stephan Botha
Marie-Louise Le Roux
Rudolf Brittz
Isabel Peens
Kian Du Plessis
Jonika Pretorius
Lianka Du Toit
Dané Schamrel
Juan Van Staden

HERVORMINGSONDAG

Die vyf solas wat die kerk hervorm het

Ons vier jaarlik op die laaste Sondag van Oktober Hervormingsondag. Martin Luther het op 31 Oktober 1517 het sy 95 stellings teen 'n kerkdeur in Wittenberg, Duitsland, vasgespyker. Daarmee het hy die dwalinge binne die Roomse Kerk blootgelê.

Hy het ook die Bybel vertaal in Duits, sodat gewone mense dit ook kon lees (voorheen was dit net in die brontale Grieks en Hebreeus beskikbaar, en in Latyn vertaal – wat net die priesters kon lees). Hy het geglo God praat deur die Bybel met alle mense.

Hierdie het gelei tot die geboorte van die Protestante kerke, waarvan die NG Kerk deel is.

Dit is vanjaar 200 jaar sedert 2 November 1824 – die datum van die eerste "Algemene Kerkvergadering" in Suid-Afrika. Hierdeur het 14 gemeentes op tuisbodem, die eerste treë begin gee na onafhanklikheid van die moederkerk in Nederland.

Ds. Jan-Louis Lee (KRUISPAD – E-TYD-SKRIF 21 OKTOBER) vertel meer oor die gebeure hierbo en van die vyf solas wat die Kerk hervorm het.

Daar is 'n spreuk wat sê: As jy nie weet waar jy vandaan kom nie, weet jy nie waarheen jy op pad is nie. Daarom is geskiedenis dikwels so belangrik – veral Kerkgeskiedenis. Ons sien daarin hoe God getrou bly aan sy belofte om die kerk te vergader, beskerm en te onderhou

Wat beteken dit as ons sê ons is 'gereformeerd' of 'protestant'?

Baie mense het 'n negatiewe koppeling gemaak met hierdie twee woorde, terwyl dit bloot 'n belangrike beweging, wat reeds ouer as 500 jaar is, verteenwoordig: 'n Herontdekking, of terugbeweeg na die Woord van God.

In die Middeleeue het die kerk grof van die Woord af wegbeweeg en allerhande menslike tradisies en beginsels in die kerk ingevoer. Dit het die lewe van gelowiges so oorheers en oorskadu dat die absolute donkerte van werkeheiliging gedreig het om die mense te verswelg. Werkeheiliging beteken dat jy allerhande dinge moet doen om gered te word

Wat was die grootste dwalings van die Roomse Kerk?

Die kern van die dwalings was die minagting van die Bybel. Die priesters was die enigstes wat die Bybel gelees het, trouens, die grootse gedeelte van die bevolking was ongeletterd. Verder is die apokriewe boeke (menslike geskrifte) by die Bybel as gesagvol gevoeg. Die enigste vertaling van die Bybel was die Vulgata (Latynse vertaling) en die pous se gesag is gelykwaardig aan die Bybel geag. Naderhand het die kerk se gesag allesomvattend geword, en die Bybel as nuttig – maar nie noodsaaklik nie beskou. Waar die Skrif ons leer dat die sakramente na Christus wys en seëls is van God se beloftes (HK Vraag en Antwoord 66), het die Roomse kerk geleer dat dit die sakrament self is wat red: Die doop self het die krag om jou salig te maak, die brood en wyn red jou lewe. Boonop is daar sewe sakramente; nie die Bybelse twee nie, wat jou letterlik van geboorte tot graf begelei en red.

Omdat die Bybel nie in die volksmond was nie; en die mens deur priesters en kerkvergaderings gelei is, wat dikwels maar duistere motiewe gehad het, was die mense onbewus van die wonderlikste nuus van die evangelie: Christus alleen red deur sy offerdood aan die kruis. Hulle het rondgetas in die donker, blindes gelei deur onwaardige rentmeesters met 'n onheilspellende en troostelose geloof: Jy moet self iets doen om verlos te word.

Die beginsels van die Reformasie

Dit is hier waar die vyf beginsels van die Reformasie vir ons geweldig belangrik word. Teenoor die dwalings en vergrype van Rome, het daar mettertyd 'n lig opgegaan soos wat God die kerk weer teruggebring het na die waarheid. God het op sy tyd verkondigers van die blye boodskap gestuur sodat die kerk weer sal onthou wat sy vergeet het – manne soos Luther, Melanchthon, Calvyn, Zwingli, Knox en heelwat ander. Mettertyd het die inhoud van die leerstellings wat hulle van Rome onderskei, bekend begin word as die sogenaamde Vyf Solas. Sola is die Latynse woord vir 'Alleen' of 'Alleenlik'.

Die vyf solas

Dié vyf beginsels verteenwoordig die kern van die Hervorming, dit is krities belangrike begrippe in die Protestantse geloof.

GEBED

Mag ons vandag weer herinner word aan die kosbare getuienis van ons geloof. Mag die Heilige Gees weer nuwe vreugde en opgewondeheid wek in jou hart deur die tekens van water en bloed

As jy terugkyk raak jy dalk hartseer oor die verlede, as jy vorentoe kyk raak jy dalk bang vir die toekoms... Maar soos 2024 verby gegaan het kan ons net weereens opkyk na ons Hemelse Vader en Dankie sê vir 'n jaar van oorvloed, seën en groei !

Nagmaal

Kategese Prysuitdeling—100 % Bywoning

Aksie Jonk van Gees - Kersete

Volwasse Belydenisaflegging

Kinderhuis - Kersafsluiting

Ons groet vir Prop Ignatius Rademeyer en Kpln Dawie Kotze

As jy terugkyk raak jy dalk hartseer oor die verlede, as jy vorentoe kyk raak jy dalk bang vir die toekoms… Maar soos 2024 verby gegaan het kan ons net weereens opkyk na ons Hemelse Vader en Dankie sê vir 'n jaar van oorvloed, seën en groei !

Kerssangdiens

Rolbalaand

Sterkrivier Kerssangdiens

Skuilinghuis